80/90 ✓

# Ef. 1 : 3 - 8.

Tema:

Die ewige verkiesing is nie, soos die oppervlakkige godsdiens beskouing dit wil voorstel, bloot die opstel van twee lyste van name - die een lys van diegene wat verlore moet gaan, en die ander van diegene wat salig sal word deur Kristus later deur die geloof aan te neem. Andersyds bestaan daar die ydele bedenkinge en die geestlike verblinding dat aangesien ek tog uitverkies is kan ek maar lewe soos ek wil.

O nee! So'n predestinasieleer ken Gods woord nie. Gods verkiesing vind ons tog immers nie buite maar in Kristus. Op hierdie wyse maak die mense v/d uitverkiesing 'n skrikbeeld om swak gelowiges af te skrik. Nogmaals nee. Volgens Gods woord omvat die verkiesing ten volle die genadewerk waarby God in Kristus ons voor die grondlegging v/d wereld reeds geseën het in die hemel met alle geestlike seëninge.

Omdat ons verstand hierdie leer nie kan deurgrond nie, mag ons dit nie sommer verwerp nie. Daar is soveel in Gods woord wat ons nie verstaan nie en waarom dan nie maar alles verwerp nie? Die predestinasieleer is die ewige bron waaruit alle goddelike genadegifte van alle tye voortvloei; die enige grond van ons roeping, regverdigmaking, heiliging en verheerliking; die oorsprong van ons kindskap en ons aandeel en beërwing van die ewige lig. Ja dis die leer wat God op Sy troon plaas en die mens in die stof werp.

Gods onafhanklikheid vereis die predestinasie want 'n God wat van sy skepsele afhanklik is, is geen God nie. Sodra ons God die minste v/d mens afhanklik maak hou hy op om God te wees. Indien God in die werk van saligheid moet sit en wag in lydelike onmag totdat die mens uit vrye keuse Hom wil dien, dan is hy van alle mense afhanklik.

Gods eweigheid vereis eweeens die predestinasie. Vir God bestaan geen verlede, hede òf toekoms nie. Die tydstip waarop God u verordineer (ten lewe of ten verderf) en die tydstip waarop u Hom in Kristus deur die geloof aanneem òf verwerp, is die tydstip waarop Hy as Regter salig spreek óf verdoem - is wel vir u drie afsonderlike tye, maar nie vir God nie want vir Hom is dit alles vervat in een ewige hede. Die oomblik waarop Hy u ken en verordineer, en die oomblik waarop u in die hemel of die hel is, val vir Hom saam met die oomblik waarop u uself voor Hom verootmoedig of teen Hom verhard. U staan dus in u teenwoordige lewe teenoor die ewige God, en juis omdat hy ewig is daarom dra u teenwoordige lewe teenoor Hom so'n ontsaglike verantwoordelikheid vir die ewigheid. Wie weet of die oomblik wat u hierdie woorde hoor en u voor God verootmoedig of teen Hom verhard, kan in 'n besondere sin juis die oomblik wees waarop Hy uit die ewigheid op u sien, u ken en oor u ewige lot beskik.

Gods alwetenheid en Sy almag vereis eweens die predestinasie. God die vrymagtige, die ewige, die alwetende, die almagtige moet as sodanig vrymagtig alles beskik en uitvoer. Oms moet ons daarin benaarstig om van ons roeping en verkiesing versekerd te wees. Hier is die vyf skakels v/d vergulde ketting in die Predestinasieleer:-

1. Geseënd in Kristus in die hemel.
2. Uitverkies in Jesus Kristus voor die grondlegging v/d wereld.
3. Vooraf verordineer deur Hom tot Sy kinders.
4. Begenadigd in die liefde.
5. In wie ons die verlossing het deur Sy bloed.

Hoe sal ek dan my roeping vasmaak sal u my vra. Daar is slegs een bron en oorsprong en dit is Jesus Kristus.

.......2/

Na aanleiding van ons teksverse het ons wel 'n kort samevatting ~~XXX~~ v/d Bybelleer aangaande die verkiesing en wat vervolgens aantwoord gee op op die volgende vrae:-

1. Deur wie is ons uitverkies? "Deur die God en Vader van onse Here Jesus Kristus." Let dus wel, nie deur die Seun, nie deur die Gees nie maar wel deur die Vader. God tree by die verkiesing op as Vader, maar as Vader van Kristus. God kom hier voor as Vader van Sy Eniggebore Seun en verkies ons in Hom, omdat God wil hê dat Hy nie die Eniggeborene sal bly nie maar die Eersgeborene moet word onder vele broers. Die ewige verkiesing tot saligheid gaan dus enkel uit van God as Vader van J.Kristus.

2. Watter plek neem die Seun by die verkiesing in? Hy verskyn hier as die Eniggebore Seun v/d Vader en dus Erfgenaam van alle dinge. So is dus die uitverkorenes in en met Kristus uitverkies en aan Hom gegee deur die Vader as lede v/d heerlike liggaam, waarvan Hy die Hoof is, as Sy skape, as Sy bruid ens. God het ons reeds in Kristus uitverkies voor die grondlegging v/d wereld en alle latere steeds toenemde en verhoogde gemeenskap met Hom is slegs die gevolg en uitvloeisel v/d ewige onverbreekbare vereniging.

3. Wanneer is ons uitverkies? Ons vind hierop 'n dubbel antwoord. Hier in ons teksvers staan - "Van voor die grondlegging v/d wereld". Dog Kristus sê aan sy volgelinge - "Beërf die koningkryk wat vir julle voorberei is v/d grondlegging v/d wereld af". Dus toe God Sy wereldplan beraam het was die eerste die verkiesing van Sy Seun as Hoof van alle dinge, maar in sonderheid van Sy gemeente. En daarop is nou alles aangelê ja die ganse skepping loop uit in daardie Hoof, Kristus en Sy Gemeente. Indien die boumeester dan sy planne beraam voordat hy die gebou optrek en elke steen en deur en venster sy bepaalde plek het, sal ons God dan hierdie redelikheid ontsê wat ons by die mens verwag? Sou Hy ook dan nie vooraf Sy planne beraam het nie?

4. Waarin bestaan die verkiesing vir ons? Daarin dat God die Vader van ons Here J. Kristus ons geseën het met alle geestlike seeninge in die Hemel in Kristus. So omvat Gods woord ten volle Sy genadewerk en alles vloei uit hierdie genaderyke bron. Het u al ooit u God en Vader die opregte dank van u hart gebring vir u verkiesing. Nie maar slegs een seën nie, nie ook net 'n besondere seën nie dat ons salig kan word nie, maar alle geestlike seëninge wat reeds aan ons met die verkiesing geskenk is. Hier is ruime dankstof. Val op u knie neer en dank God vir u verkiesing.

5. Waar het die verkiesing geskied? In die hemel. Daar het God u geken, geseën en in Kristus verkies voor die grondlegging v/d wereld. Wat 'n trooslose leer sou dit wees indien die seëninge wat ons van God ontvang eers hier op aarde moet geskied en in verband staan met ons doen en late en verdienste en dit wel deur my uit wie niks behalwe ellende en gebrek kan voortkom nie! Maar hoe geheel anders is ons Bybelleer. "Nou kan ek tot Kristus kom omdat die Vader my trek as vruggevolg van Sy ewige verkiesing; nou kom ek tot my Verlosser omdat ek aan Hom gegee is deur Sy Vader." (Joh. 6 : 44,65). "Nou werk ek my saligheid met vrees en bewe want dit is God wat dit in my werk beide die wil en werk na Sy welbehae". (Fil. 2 : 12,13). Nou drink ek tot versadiging uit die lewende fonteine v/d water, want God self het deur Sy Gees in my die dors van ware heilbegeerte gelê, en as gevolg van Sy verkiesing is die Lam self my Herder en die Gees my Leidsman. Alles wat ek hier begeer, ontvang en geniet is aan my by die verkiesing alreeds gegee in die hemel voor die grondlegging v/d wereld.

6. <u>Waartoe word ons uitverkies en wat is die doel van ons uitverkiesing?</u>

Tweërlei:

(a). Opdat ons heilig en onberisplik voor Gods aangesig mag wees. Ons word nie uitverkies <u>omdat</u> ons glo óf heilig is nie, maar <u>opdat</u> ons heilig en onberisplik voor Hom mag wees. Die goeie wat in ons is is nie die <u>oorsaak</u> maar die <u>gevolg</u> van ons uitverkiesing. Watter troos en sterkte lê daar nie vir my hierin op die weg van heiligmaking! Sal Hy dan nie Sy doel en welbehaë in my bevorder en bereik nie? Sal Hy my dan iets onthou wat tot hierdie doel nodig is? Nee God wil my heilig en onberisplik hê, daartoe het Hy my uitverkies en dit sal Hy my maak. Hoe worstel en arbei Sy Gees nie daartoe in my, teenoor die woelinge van my vlees, om my daartoe te bring. Die drang in my, die altyd hernuwde begeerte van my siel, is Sy werk. Hy wil, Hy sal my heilig en onberisptlik maak as die Bruid v/d Lam. Ja nou kan ek juig met Jesaja (61:10)

(b). Die wat ons ook tevore verordineer hettot aanneming tot kinders deur J. Kristus. Rom.8:29. God wil ons gelykvormig maak aan die beeld van Sy Seun, net so heilig en onberisplik as Hy sodat Hy vele kinders mag hê, maar almal gelyk aan die oudste Broer. Watter heerlike voorreg - God het ons uitverkies om Sy kinders te wees. Daarom het Hy ons in Kristus uitverkies, in Hom volmaak en inwendig verheerlik, hoeseer ons nog teen die ou mens mag worstel! Ja nou verstaan ek hoe roep my Heer en Bruidegom tot my en elke uitverkorene (Hoogl. 2:14) Nou sal ek my nie langer as Adam versteek nie. Voor die wereld ja sal ek skuil in die steenrots (1 Kor.10 : 4) maar voor die hemel sal ek my vertoon en al die smaad en leed v/d wereld sal ek vergeet indien ek voor Gods aangesig welbehaaglik is en aan Sy liefde het ek genoeg.

7. <u>Waarom het God ons uitverkies?</u> Wat is die oorsaak, die grondslag en die bron van ons verkiesing? Dit is slegs sysoewereine welbehae. <u>In liefde</u> het Hy ons voorheen verordineer. So lief het God die wereld gehad---. God het ons uitverkies -

(a). "In die liefde" - dus nie uit ons werke nie.
(b) "In Homself" - dus nie deur iets in ons nie.
(c) "Na die welbehae van Sy wil" - nie in lydelike afwagting op ons nie.
(d) "Tot prys en heerlikheid ~~verheerliking~~ van Sy genade"
(e) "Waardeur Hy ons deur die liefde begenadig het"
(f) "Na die rykdom van Sy genade.

8. <u>Wat is die einddoel van ons verkiesing?</u> Waartoe is dit bestemd en waartoe moet dit uitloop? Op die heerlikheid van God. Ja volgens ons teksverse - daarmee begin en daarmee eindig die predestinasieleer. <u>Begin</u>: "Geseënd is die God ~~xxxx~~&Vader van onse H.J. Kristus". <u>Einde</u>: "Tot lof v/d heerlikheid van Sy genade". Daarop laat die diepsinnige Paulus sy verhandelinge v/d verkiesing uitloop en daarop loop ons betragting en heel ons lewe uit:- "O diepte v/d rykdom v/d wysheid en kennis van God! Hoe ondeursoeklik is U ~~xxx~~ oordele, hoe onnaspeurlik U weë! Want uit Hom, en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom die heerlikheid in alle ewigheid. (Rom. 11 : 33-36).

Sing:- Ps. 89: 1,7.8. Ps.100: 2,4. Ges. 58: 3,4,5.